



South African Wood Preservers Association

PUBLIKASIE VAN GEWYSIGDE BBSEB BOSBOUSEKTORKODE

Lede word ingelig dat die gewysigde Bosbousektorkode gepubliseer was Staatskoerant 40803, kennisgewing 378 op Vrydag die 21ste April. Dit beteken dat die vorige Bosbousektorkode, gepubliseer in Gazette No. 32320 op 12 Junie 2009, herroep is. Dit beëindig dus die belyningsproses met die nuwe generiese of BBSEB kodes waarby die breër bosbouverwante bedrywe vir meer as drie jaar betrokke was.

Lede wat graag meer inligting en advies oor die implementering van die kodes, of advies oor oudits en verifiëring wil bekom word aangemoedig om AQRATE of APROS. te kontak.

Die twee maatskappye met hulle spesialiskennis, was instrumenteel betrokke by die belyningsproses en het beide die bedryf sowel as die Bosbousektorraad bygestaan in die proses. Hulle onderskei kontakbesonderhede kan gevind word by www.aQurate.co.za en www.alternativeprosperity.com.

'n Afskrif van die gewysigde kode sal op ons webtuiste beskikbaar gestel word. Lede kan ons ok direk kontak vir 'n afskrif.

NRVS - VERPLIGTE VERKLARING VAN PRODUKSIE VOLUMES (1 Januarie tot 31 Maart 2017)

Lede word herinner dat die 30ste April die teiken datum is waarteen produksievolumes vervaardig tussen 1 Januarie en 31 Maart aan die NRVS verklaar moet word. Neem kennis dat dit slegs 'n verklaring van die eerste kwartaal se produksie volumes is en dat geen heffings betaalbaar is nie. Heffings is eers aan die einde Julie 2017 verskuldig, wanneer die volle produksie volumes vir die ses maande van af 1 Januarie to 30 Junie verklaar word.

AFRICAN CONSTRUCTION and TOTALLY CONCRETE EXPO

Die Expo vind plaas vanaf 23 tot 24 Mei 2017. SAWPA lede wat belangstel om die Expo te besoek kan gerus gebruik maak van die aangehegte komplimentêre kaartjie vir registrasie.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.